



WEEK I

Sondag, 4 Oktober 2020

met God wat roep 

Eksodus 3: Jy leer ken God nie teoreties nie !

Moses ontmoet God toe hy nie by die brandende bos verbystap nie, maar juis nadergaan [vers 2-4]!

- Kan dit wees dat ons God soms mis, omdat ons te veel “verbystap” by plekke waar Hy is? Die geloofsgewoonte van die *Daily Examen* kan ons help om God meer in ons gewone dag en lewe raak te sien. In Eksodus 3 gaan dit oor anders “sien” en “kyk” - oor God raaksien.
- ❖ *Earth's crammed with heaven, And every common bush afire with God: But only he who sees takes off his shoes. [Elizabeth Barret Browning]*
- ❖ *“Could it be that if we turn aside more often God would speak more often?”*
- ❖ *“But I also know, and perhaps you do, too, if we're honest with each other, that we have an almost endless capacity to keep walking. Schedules can do it. We're terribly busy. We need to get someplace, no time to stop, we'll come back later. Rationality can keep us from turning aside: we don't believe in visions. Belief in an all-sufficient, autonomous God can keep us from stopping: God is so totally other that any earthly sign could only be our own psychic illusion. There are plenty of sound reasons to keep on walking. But Moses turned aside. And when God saw that he turned aside to see, God called to him.”*

God stel Homself hier bekend as die God van mense.

- God beskryf Homself as die God vir wie mense saakmaak [vers 7-10]. Die hele Bybel getuig daarvan. So belangrik is mense en hulle lewens en nood vir God dat Hy uiteindelik Self letterlik afkom aarde toe ... in Jesus. Jou lewe en situasie is vir God belangrik. Hy het dit in jou doop vir jou gesê.

Die mense deur wie God na mense wil uitreik... is ons!

- Toe God vir Moses sê dat Hy die Israeliete gaan bevry, sou Moses gedink het: “Fantasties, Here, dit is wonderlik dat U self iets gaan doen aan die Israeliete se swaarkry.”
- En dan die bom: “Moses, Ek gaan dit deur jou doen!” Dit is waaroor hierdie Sewe Weke gaan: oor die God wat roep ... en hoe ek daarop reageer. Walter Brueggeman beskryf dit as die verskil tussen ‘n “outonome lewe” en ‘n “geroepe lewe”, waar roeping nie los opdragte van God is nie, maar eerder die konteks van my totale lewe.

“This extended narrative invites reflection on the nature of vocation, and the power of the call in the life of faith. An uncalled life is an autonomous existence in which there is no intrusion, disruption, or redefinition, no appearance or utterance of the Holy. We may imagine in our autonomous existence, moreover, that no one knows our name until we announce it, and no one requires anything of us except that for which we volunteer. The life of Moses in this narrative, as the lives of all people who live in this narrative of faith, is not autonomous. There is this One who knows and calls by name, even while we imagine we are unknown and unsummoned.” (Walter Brueggemann)

- Dit is die keuse waarvoor ek as Christen staan: ‘n outonome lewe of ‘n geroepe lewe? Iemand skryf baie aangrypend dat in ‘n geroepe lewe ek twee vrae deurlopend aan God vra. Die een is: wat wil U hê moet ek doen? Die ander is: hoe moet ek verander sodat ek dit kan doen?

- Maar roeping moenie my stresvlakke as Christen opjaag nie. Wanneer Moses angstig vra: “Wie is ek nou eintlik dat die Farao na my sal luister”, stel die Here hom gerus. Dit gaan nie oor wie jy is nie, maar oor wie Ek is! [vers 11,12]. Dit is ‘n wonderlike gerusstelling. Moses [en ek en jy!] hoef net die spreekbuis en instrument te wees. God sal die verskil maak.

Vir hierdie God kan ‘n mens nie teoreties leer ken nie. Jy kan Hom net “proefondervindelik” leer ken.

- Die unieke van hierdie teksgedeelte is die “Naam” wat God vir Homself in vers 13 en 14 gee. Afhangend van die verband waarin dit staan, kan die term beteken: *Ek is* of *Ek was* of *Ek sal wees*. Iemand skryf tereg dat jy nie meer as dit oor God se “naam” kan sê nie. Dit is genoeg om te weet: *God is; God was; God sal wees*.
- Die betekenis word amper nog beter weergegee deur die toekomstige tyd: “*Ek sal wees wie Ek sal wees*.” In Duits: “*Ich werde dasein, als der ich dasein werde*.”
- God gee eintlik nie ‘n naam nie. Jy kan nie wie God is “opsluit” of “vasvang” in ‘n naam of definisie nie. God gee eintlik ‘n belofte: Hy is die Een wat altyd aktief teenwoordig sal wees in sy kinders se lewe terwyl hulle hul roeping saam met Hom leef.



“Wie is God” is ‘n eeu-oue vraag

- In Moses se tyd het mense die vraag gevra in ‘n wêreld van talle afgode en afgodsbeelde; ‘n mitiese wêreld waarin magiese kragte aan verskillende dinge toegeskryf is.
- In ons wêreld vandag vra mense die vraag in ‘n wêreld van wetenskap en tegnologie waarin daar oënskynlik al minder plek vir God oorbly. Moses se vraag aan God bly relevant: “Wat moet ek vir mense oor U sê; wie is U?”

God se antwoord aan Moses beteken dat ‘n mens God nie teoreties kan leer ken nie - net in verhouding met Hom.

- Eksodus 3 sê God se “naam” is eintlik ‘n werkwoord. God is ‘n lewende teenwoordigheid. Jy leer ken God net terwyl jy saam met Hom leef, Hom volg, gehoorsaam, sy wil probeer doen.
- Presies dit is hoe Moses God hiervandaan leer ken het. Daarom vra Moses aan die einde van die boek Eksodus nie meer hierdie vraag nie. Hy vra juis iets anders vir God: “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.” [Eksodus 33:15] Hy het God nou “proefondervindelik” leer ken as die Een wat “Is wat Hy is”, wat altyd getrou is in die lewens van mense wat met Hom ‘n pad probeer loop. Nou wil hy nooit weer sonder God leef nie!

Jesus sê eeue later presies dieselfde oor hoe ‘n mens God kan ken en seker kan wees van God.

- In Johannes 7 is Jesus besig om die mense oor God te leer. Hy kry baie kritiek. Selfs sy eie broers glo nie wat Hy sê nie. Die mense vra vir mekaar en vir Hom: Hoe weet ons wat jy vir ons oor God sê, is waar?
 - Dan antwoord Hy in Joh 7:17: “As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God kom, en of Ek uit my eie praat.” Met ander woorde: jy kan God nie teoreties leer ken nie. Jy leer God net ken terwyl jy met Hom leef, Hom probeer gehoorsaam. Gods-kennis is verhoudings-kennis.

Wie, sê Eksodus 3 dus, is die God wat ons roep?

- Dit is die God wat jy nie in ‘n naam kan vasvang nie. Hy is altyd meer as enige naam. Jy leer Hom net ken terwyl jy saam met Hom [leer] leef. Dan sal jy Hom leer ken as die lewende, persoonlike God wat altyd aktief, handelend, bemoedigend, uitdagend, versterkend, bevrydend teenwoordig is in jou lewe en omstandighede.

Eksodus 3 is die uitnodiging om jou lewe saam met hierdie God te leef!